



# Kerkhereniging van die Familie van NG Kerke

## *Vrae wat Dikwels Gevra word*

### Die Here gee 'n deurbraak!

Die vier kerke van die NG Kerk Familie, nl die NG Kerk, die VGK (Verenigende Gereformeerde Kerk), die NGKA (NG Kerk in Afrika) en die RCA (Reformed Church in Africa) het die laaste paar dekades by verskillende geleenthede die oortuiging uitgespreek dat hulle as vier kerke bymekaar hoort en daarom behoort te herverenig. Ons eie kerk het by die Algemene Sinodes van onder andere 1994, 1998, 2002 en 2004 baie duidelike besluite in die verband geneem.

Daarom het die leierskap oor die jare saam met die ander kerke hard probeer werk aan gesprekke en inisiatiewe om die proses van hereniging aan die gang te kry. Om 'n verskeidenheid van redes kon ons ongelukkig nie veel vorder met die proses nie. Nou het die Here - tot ons almal se verwondering - die afgelope paar maande 'n deurslaggewende wending in hierdie herenigingsgesprekke gebring. Daar is 'n nuwe gesindheid van toenadering, welwillendheid en 'n bereidheid om regtig na mekaar te luister. Gesprekke tussen die breë leierskap en die Algemene Moderature van al vier kerke in Junie en Augustus het gelei tot 'n eenparige verbintenis tot 'n daadwerklike proses van kerkhereniging. Ons weet dat daar lê nog heelwat gesprekke en onderhandelingswerk voor, maar 'n positiewe uitkoms is nou uiteindelik in sig.

***Ons is bewus daarvan dat daar by heelwat van ons lidmate vrae is oor wat kerkhereniging prakties sal beteken. In hierdie stuk wil ons meer inligting hieroor gee. Hoewel daar nie nou presiese en finale antwoorde op alle vrae gegee kan word nie, kan ons wel 'n redelike duidelike prentjie gee van wat eenheid beteken en hoe 'n herenigde kerk waarskynlik sal lyk.***

### Daar word gepraat van kerkhereniging. Gee vir ons 'n prentjie van wat dit beteken.

Die bestaande gemeentes van die betrokke kerke besluit om een *gesamentlike kerkverband* tot stand te bring. Hulle word dan as selfstandige gemeentes in ringe, sinodes en een algemene sinode saamgevoeg. In die proses sal ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en groei na mekaar (vgl Alg Sinode 2004 besluit). Die wanindruk wat bestaan dat ook gemeentes gedwonge hersaamgestel en in die proses saamgevoeg gaan word, is dus heeltemal ongegrond.




## Is eenheid so belangrik? Kon ons nie maar aparte kerke gebly het nie?

Ja, eenheid is baie belangrik. Daar is veral vier redes wat aangevoer kan word vir kerkhereniging.

- Die belangrikste is die feit dat die Bybel baie duidelik oor die sigbare eenheid van die kerk praat (vgl oa Ef 4 en Joh 17). Omdat dit vir die Here so belangrik is en omdat Hy die Een is wat sy kerk een gemaak het, wil ons aan Hom gehoorsaam wees en Hom hierin navolg. Dis daarom ook nie 'n wonder dat die eenheid die eerste eienskap van die kerk is wat ons in die Apostoliese Geloofsbelydenis bely nie.
- Die tweede rede is dat ons weet dat die Here 'n roeping vir ons, sy kerk in Suid-Afrika, het en ons glo dat ons as herenigde kerk hierdie opdrag sáám beter sal kan verstaan en uitvoer.
- 'n Derde rede het te doen met geloofwaardigheid. As kerk bring ons die evangelie van Christus se liefde en versoening na die wêreld. Ons bely dat die liefde en versoeningswerk van Christus kragtig is, deur niks gekeer kan word nie en in die mees onmoontlike situasies herstel en vrede kan bring. Deur te herenig, bevestig en bely ons dat ons regtig glo dat die krag van die evangelie die klowe van menslike verskille tov taal, ras en kultuur kan oorbrug.
- Ons glo, vierdens, dat ons mekaar nodig het en mekaar sal kan aanvul. In ons gesprekke tot hier het ons meer kere bewus geword dat daar in ons verskeidenheid 'n rykdom lê waarmee ons mekaar moet dien.

## Hoekom word gepraat van kerkhereniging en nie kerkvereniging nie?

Die NG Kerk was vir meer as 200 jaar net een kerk. Dit is eers in 1881 dat 'n aparte kerk, die NG Sendingkerk gevorm is. Later is die NGKA (vir swartmense) en die RCA (vir die Indiërs) op dieselfde patroon van ras gevorm. Te midde van die verdeling van die familie in vier afsonderlike kerke, was daar deurentyd die oortuiging dat ons een of ander vorm van sigbare eenheid in ons kerkfamilie behoort te hê. Gedurende die afgelope dekades het ons kerk toenemend tot die oortuiging gekom dat ons weer een kerk moet word en die familie in een verband moet herenig. Om in aparte kerke te verdeel op grond van ras alleen, was nie Bybels regverdigbaar nie. Daarmee word die belangrikheid van taal en kultuur nie ontken nie. Dit sal altyd in die herenigingsproses in ag geneem moet word.



## Verduidelik hoe gemeentes geraak gaan word deur die proses

Ons het reeds gesê dat die bedoeling van eenwording nie die hersamestelling van gemeentes is nie, maar die vorming van een kerkverband. Dit is belangrik om te weet dat in die vorming van byvoorbeeld die VGK, al die bestaande gemeentes behou is soos voorheen. Ons kan nie sien dat die proses in hierdie herenigingsproses anders sal verloop nie. Hoewel ons hoop dat gemeentes onderling goed saamwerk en projekte saam sal aanpak (soos wat reeds op baie plekke gebeur!) en ons kan sien dat sekere gemeentes selfs mag besluit om saam te smelt, is hierdie besluite wat nooit uit die hande van die plaaslike kerkrad geneem sal word nie. Kerkrade behou dus hulle besluitnemingsbevoegdheid oor die interne sake van die gemeente. Kerkvereniging in 'n gereformeerde kerk is in 'n baie groot mate 'n van-onder-proses. Grondvlakeenheid kan nie van bo geforseer word nie. Gemeentes, kerkrade en lidmate sal self verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar.

## **Wat is van die ander belangrike sake waarvoor ooreenkomste bereik moet word?**

Naas die belydenisgrondslag en die model van kerkvereniging is daar natuurlik ook ander belangrike sake waarvoor 'n ooreenkoms met mekaar gevind moet word. Een van hierdie sake is bv die naam van die nuwe kerk. Hieroor is nog nie met mekaar gepraat nie en dis 'n saak wat uiteraard met groot omsigtigheid, en met sensitiwiteit teenoor al die partye, onderhandel moet word en waarvoor insette van lidmate ook kan kom.

Ander sake is onder meer die presiese samestelling en indeling van ringe en sinodes, salarisse en pensioene, sinodale eiendomme, teologiese opleiding ens.

## **Wat behels die deurbraak wat bereik is tov die posisie van die Belydenis van Belhar?**

Die standpunt van die VGK oor die Belydenis van Belhar is in die verlede dikwels so verstaan dat die ander drie kerke eers hulle volle onvoorwaardelike instemming met die Belydenis van Belhar as 'n vierde belydenisskrif moes verklaar voordat die verenigingsproses kon begin. Die ander drie kerke het nie kans gesien daarvoor nie. In ons eie geleedere was en is daar heelwat emosie rondom die Belydenis van Belhar. Dis was nie soseer oor die inhoud van die belydenisskrif nie, maar oor hoe dit ontstaan het en oor die verwyf van kettery wat daarmee geassosieer is.

By die vergadering in Junie vanjaar het die VGK-leierskap duidelik verklaar dat die Belydenis van Belhar nie as voorwaarde vir eenheid mag geld nie. Hulle het te kenne gegee dat wanneer dié belydenis opgeneem word in die belydenisgrondslag van die nuwe kerk, hulle begrip sal hê daarvoor dat daar lidmate en gemeentes van die kerk sal wees wat nie kans sien om dit persoonlik as 'n belydenisskrif te onderskryf nie. As lede van een kerk sal ons wedersyds groei in beter begrip en waardering vir mekaar se geskiedenis en ervarings.

Hierdie standpunt is feitlik in ooreenstemming met ons eie sinodebesluite van 1998 en 2004. Reeds in 1998 het ons sinode gesê dat ons in oorleg met die ander gespreksgenote sal kyk na 'n manier waarop die Belydenis van Belhar in die nuwe kerkverband se belydenisgrondslag opgeneem kan word op so 'n wyse dat niemand se gewete onder enige dwang geplaas word nie. Dit bevestig die primêre intensie van die herenigingsproses, naamlik om in te sluit en nie uit te sluit nie. Ook wat ander sake betref waarvoor spesifieke kerke of gemeentes of lidmate sterk voel, sal daar moeite gedoen word om sover moontlik konsensus te bereik en mekaar te akkommodeer.



## **Hoe gaan die finansies van die nuwe kerk werk?**

Die gevestigde patroon in gereformeerde kerke is dat plaaslike kerkrade hulle eie finansiële sake reël en self oor hulle begrotings besluit. Dit sal uiteraard so voortgaan. Vir daardie werk wat gemeentes saam doen (teologiese opleiding, sendingwerk, sekere barmhartigheidsdienste, ens) stuur elke gemeente tans jaarliks 'n bedrag na die kerkverband (ring of sinode). In die bepaling van hierdie bedrag word altyd rekening gehou met die verskillende finansiële vermoëns van gemeentes. Ook dié gebruik sal gehandhaaf word.

Wat die salaris van predikante betref, maak die sinode jaarliks aanbevelings aan gemeentes, maar gemeentes neem self die finale besluit daarvoor. Ook dié patroon sal na alle waarskynlikheid gehandhaaf word. Daar is egter 'n tweede Bybelse beginsel rondom finansies, en dit is dat ons vrywillig en met blymoedigheid na mekaar moet omsien en mekaar moet help met Christelike meelewing en rentmeesterskap. Ons sal in die herenigde kerk sekerlik ook wil soek na maniere waarop ons aan dié opdrag uitvoering kan gee - soos wat ons trouens reeds op baie plekke doen!


## **Wat gebeur met predikante se pensioene?**

Die aandeel van 'n lid tot 'n pensioenfonds en alle inbetalings wat op die naam van 'n lid gemaak is, is statutêr gewaarborg en regtens verskans.

## Gaan daar in die nuwe kerk ruimte wees vir diversiteit in taal en kultuur?

'n Verstandige kerk sal altyd in sy gemeentelike bediening ruimte maak vir mense se eie taal en kultuur. Daarom is die uitgangspunt van al die gesprekke oor kerkeenheid dat taal en kultuur op 'n gemeentelike bedieningsvlak eerbiedig sal word. In gesprekke wat tot dusver gevoer is, blyk dit duidelik dat die verskillende tale wat in ons kerke gepraat word almal gekoester sal word.

Op die vergaderings van ringe en sinodes sal waar nodig praktiese reëlings getref word vir mense om mekaar te verstaan. Die uitgangspunt is dat mense aan 'n kerkvergadering moet kan deelneem in 'n taal waarmee hulle gemaklik is. Soms word by vergaderings ook van tolke gebruik gemaak. Oor taal en aanbiddingstyl sal gemeentes - soos nou - self kan besluit.



## Waarom net eenheid met hierdie kerke? Wat van eenheid met die Gereformeerde Kerke van SA en Ned Hervormde Kerk?

Die huidige proses van hereniging is tussen die vier kerke van die NG Kerkfamilie omdat hierdie kerke vir jare al die duidelike begeerte tot hereniging uitgespreek het en konkrete besluite daarvoor geneem het. Ons is ook deurlopend in gesprek met die Gereformeerde Kerke van SA en Ned Hervormde Kerk oor eenheid. Daar is beduidende vordering in hierdie gesprek.

Ons eie kerk se Sinode van 2004 het gesê dat ons ook moet begin werk aan die vorming van 'n breër gereformeerde kerk in Suider-Afrika wat al die kerke van gereformeerde belydenis byeenbring, dus ook die Gereformeerde Kerke van SA en Ned Hervormde Kerk. Daar is geen Bybels-teologiese rede waarom dit nie behoort te gebeur nie.

## Hoe gaan die proses loop? Gaan gemeentes geraadpleeg word?

In die NG Kerk het ons onself verbind aan 'n proses van raadpleging van ons gemeentes. In 2002 is besluit dat twee-derdes van ons kerkrade met 'n tweede-derde meerderheid die terme van eenwording moet goedkeur voordat hereniging kan plaasvind. Dié onderneming sal gewis gestand gedoen word. Oor die detail van die proses en presiese tydskedules kan ons nie nou meer besonderhede gee nie – dit moet by die vergadering in November bespreek word.

Van die NG Kerk se kant dink ons tans aan twee rondtes van gesprekke met gemeentes. In die eerste rondte sal gemeentes ingelig word oor hoe ons die breë model en terme van hereniging sien. Gemeentes sal dan gevra word om hulle eie kommentaar en insette te gee. As die kommentaar verwerk is en die vier kerke afgespreek het op 'n ooreenkoms wat ons meen wyd aanvaarbaar is, sal 'n kerkorde vir die nuwe kerk voorberei word. Natuurlik sal die nodige regsadvies ons hier lei. Daar sal dan 'n tweede rondte van gesprekke wees waartydens kerkrade en gemeentes 'n besluit oor die terme van hereniging en die beginsels van die nuwe kerkorde moet neem. Vir elke rondte van die raadpleging van gemeentes sal genoeg tyd gegee word. Die doel van die proses is immers om in te sluit en nie uit te sluit nie. In so 'n proses sal 'n mens graag groot moeite wil doen om seker te maak dat alle gemeentes uiteindelik deel word van en tuis voel in die nuwe kerk.

### Wat kan ek as lidmaat doen om die eenheidsproses te help?

Lidmate van die verskillende kerke kan moeite doen om mekaar as gelowiges beter te leer ken en verhoudinge met mekaar te bou. Gemeentes kan gesamentlike aksies onderneem wat in hulle eie omgewing 'n konkrete getuienis van Christus se liefde kan wees. Met die kennis van mekaar se omstandighede kan onderlinge hulp meer betekenisvol verleen word en kan op plaaslike vlak ervaar word watter verskil ons eenheid in Christus maak. Lidmate kan ook getrou voorbidding vir hierdie eenheidsproses doen

***Die Here gee vir ons 'n wonderlike geleentheid om as sy kerk in ons kontekste 'n getuienis te wees van die krag van die evangelie, van versoening en van liefde.***

(Vir meer uitvoerige inligting oor verskeie van die sake, besoek [www.ngkerk.org.za](http://www.ngkerk.org.za))

Die feiteblad is geborg deur Bybel-Media en CLF. Besoek [www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za) of [www.clf.co.za](http://www.clf.co.za) vir bestellings.